Gimmie Griffie

24 Januarie 2019

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 3***

GEAGTE OUERS

Geluk aan die volgende leerders met pragtige toekennings by die prysuitdeling:

Topprestasie in elke graad:

Graad 8: Elsabé Potgieter
Graad 9: Michelle le Roux
Graad 10: Annemarie Hoffman
Graad 11: Shani Neethling
Junior sportseun: Philip Botha
Junior sportdogter: Ruandi van Dyk
Junior kultuurseun: Francois Wiid
Junior kultuurdogter: Annemarie Hoffman

Dankie aan mev. Fouché en haar span wat 'n pragtige funksie gereël het. Dankie aan al die ouers wat die geleentheid bygewoon het.

Die rapporteringskanaal vir akademiese navrae is eerstens die betrokke vak-onderwyser, departements- of graadhoof en dan die hoof of enige adjunkhoof. Vir enige buitekurrikulêre aktiwiteit moet u eerste die betrokke span of groep se voog (sal altyd 'n onderwyser wees) of daarna die organiseerder van die betrokke aktiwiteit kontak. Indien dit oor 'n beginsel of 'n algemene saak handel, is u ook welkom om die betrokke komitee van die Beheerliggaam te skakel.

Ek wil net weer die volgende reëling vir uitteken van leerders bevestig. U moet **vooraf** met die hoof of betrokke adjunkhoof reël en dan kan u die leerder kom haal en uitteken. Indien u nie vooraf gereël het nie, sal die kantoordames u versoek om persoonlik by een van die adjunkhoofde of hoof toestemming te kry. Niemand sal toegelaat word om saam met maats uit te teken as u nie vooraf gereël het nie.

Ons vra om verskoning vir die foutiewe sms van afwesighede wat u in die week ontvang het.

Baie sterkte aan die atlete met môre se Interhuis-atletiekbyeenkoms. Doen net jou bes.

Gimmie-groete
RA Oosthuizen

DAGBOEK

Maandag 28 Januarie
Valbal-kaartjieverkope gr. 12
Gholf: Proewe/Liga (Pecanwood)

Dinsdag 29 Januarie
Valbal-kaartjieverkope gr. 12
Redenaarsuitdunne: Juniors

Woensdag 30 Januarie
Valbal-kaartjieverkope gr. 11
Redenaarsuitdunne: Seniors
Krieket: 1ste T20
Kooroefening (18:00 – 20:00)

Donderdag 31 Januarie
Valbal-kaartjieverkope gr. 11
Swemgala

Vrydag 1 Februarie
Krieket: Finsbury – liga

Saterdag 2 Februarie
Atletiek: Gimmie-Prestige (PUK McArthur)
Krieket: Finsbury (Kemptonpark)

TOETSE

Neem asb kennis dat die geskeduleerde toetse van 25 Januarie na 28 Januarie skuif vanweë die Interhuis wat plaasvind.

ATKV-REDENAARS

Redenaars word herinner aan die uitdunne wat volgende week plaasvind:

- Juniors (graad 8 en 9)
  Dinsdagaand 29 Januarie 2019 om 18:00 in kamer 35
- Seniors (graad 10 tot 12)
  Woensdagaand 30 Januarie 2019 om 18:00 in kamer 35

Leerders mag oor enige onderwerp van hul keuse praat, maar die onderwerp moet beredeneerbaar wees. Die spreker moet dus duidelik standpunt inneem oor ‘n sekere onderwerp en die standpunt moet aan die hand van duidelike argumente en geldige bronne beredeneer word.

Die toespraak moet 3 – 4 minute lank wees. Leerders sal ook ‘n kort onvoorbereide toespraak moet lewer. Leerders wat aan die uitdunne deelneem, moet asseblief skool-drag dra.

Die program sal teen Maandag, 28 Januarie 2019 gefinaliseer wees. Leerders kan teen die muur by kamer 35 gaan kyk in watter volgorde hulle praat. Enige navrae kan aan mev. Julie de Lange gerig word.

SKAAK

Alle skaakspelers moet asseblief kennis neem dat die oefening op Maandag, 4 Februarie begin. Dit vind vanaf 14:30-15:30 in kamer 7 plaas. Atlete word verskoon.

Ons afrigter vir vanjaar is die bekwame Lené de Kock (oud-Gimmie). Vir meer inligting of navrae kontak juf. Anica Schoeman.

ATKV-DEBAT

Ouerbetrokkenheid is deurslaggewend in die sukses wat leerders tydens debat-kompetisies behaal. Met die oog hierop word ‘n ouervergadering op Donderdag, 31 Januarie 2019 om 18:00 in kamer 35 gehou.

Die ouers van leerders wat hierdie jaar aan debat wil deelneem en in Potchefstroom woonagtig is, word uitgenooi. Leerders wat daarin belangstel om aan debat deel te neem, moet asseblief voor einde Januarie hulle name by me. Julie de Lange in kamer 35 kom opskryf.

TENNIS

Die gr. 8-verwelkomingstoernooi wat op 17 Januarie plaasgevind het, het goed afgeloop nieteenstaande die donderweer wat ons forseer het om 16:00 klaar te maak. Baie dankie vir elkeen wat opgedaag het en vir almal se entoesiasme.

Ranglys:
Die tennisranglys sal Maandag, 28 Januarie by k23 (seuns) en k53 (dogters) opgeplak wees. Spelers besluit teen wie hulle wil speel en registreer die daag (dit beteken sê vir die juffrou). Seuns by me. Smuts en dogters by me. Malan, waar hulle dan balle vir die wedstryd sal ontvang. Uitslae moet aan die betrokke onderwyseresse deurgegee word wat die ranglys sal aanpas.

Voorlopige oefentye:
Woensdae: 18:00–19:00 by skoolbane

Navrae: me. Hanlie Smuts - 073 887 9231

CHEERLEADING

Daar word op Maandag, 28 Januarie van 14:00-16:00 *cheerleading*-oudisies in die kultuursentrum gehou.

.

Bring asseblief gemaklike oefenklere saam. Ons sien uit om jou deel van dié span te maak.

KRIEKET

Baie geluk aan die krieketseuns wat die naweek gespeel het.

Gimmies se eerstespan verloor met 96 lopies teen Hoërskool Montana. Tydens die wedstryd het Louis Fourie en Marinus Pienaar 39 lopies aangeteken en Caleb Seleka het 3 paaltjies geneem.

Gimmies se o/15A-span het met ’n allemintige 120 lopies teen Hoërskool Montana gewen.

Baie geluk aan Martin van Onselen wat 112 lopies aangeteken het! Martin Bullock het 56 lopies aangeteken en Marko Werkman 54. Estienne Terreblanché het 5 paaltjies geneem.

Baie geluk aan Gimmies se o/15B-span wat Ikangeng gewen het.

LANDLOOP

Danielle Verster, een van Gimmies se o/16-atlete, het tydens die ASA-landloopproewe vir die o/19-wêreldkampioenskappe later vanjaar in Denemarke, derde gekom.

Gimmies is baie trots op dié ywerige landloper en hou styf duim vas vir die aankondiging van die SA-juniorspan.

BID SAAM

Alle ouers word vriendelik uitgenooi om op Maandae van 07:00-07:30 in die geleent-heidskantoor te kom saam bid. Ons bid vir ons skool, ouers, personeel en leerders.

Matt 11:24
“Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.”

ALGEMEEN

Dit is weer daardie tyd van die jaar!

Potchefstroom Gimnasium bied hierdie jaar die 17de Mnr. en Mej. Gimmie-geleentheid aan.

Die aand belowe om baie talent, vermaak en persoonlikheid op te lewer. Kom deel in die aand en kom sien wie die sjarmante gas-aanbieder gaan wees.

Datum:	5 Februarie
Tyd:	19:00
Plek:	Potchefstroom Gimnasium, skoolsaal
Kostes:	R30 per persoon

Kaartjies kan vanaf 22 Januarie gedurende pouse by die kultuurkantoor gekoop word.

Almal is welkom, bring vir Ouma ook saam!

Potchefstroom Gimnasium

Koshuise
2 poste beskikbaar:
Algemene- en administratiewe assistent

Aansoeke sluit 11
Februarie 2019

E-pos CV’s na
jlb@gimmies.co.za

Posaanvaarding 1
Maart 2019